



Conquesta 2014

(Internasionale Meervoudige-keuse Primêre Skool Olimpiades – Gev. 1998)

Conquesta, Posbus 99, Kloof, 3640, Suid-Afrika

Tel: (031) 764-1972 * Faks: (086) 637-7808 of (031) 764-0074

E-Pos adres: conquest@iafrica.com * Webtuiste: www.conquestaolympiads.com



Wiskunde 2 – Graad 4

Welkom by jou Conquesta Olimpiade. Wanneer jy besluit het watter van die antwoorde die korrekte een is, krap die letter op die ooreenstemmende blokkie op jou antwoordvel dood deur **SLEGS** 'n **swart of blou balpunt- of swart kokipen** te gebruik. (Moet asseblief nie potlode, kleurpotlode, glimpenne, flaterwater of gom gebruik nie.) Byvoorbeeld, as die antwoord op vraag 4 c is, krap die letter c in die blokkie wat c langs nommer 4 bevat, dood. (Sien voorbeeld 1 hieronder.) Indien 'n leerder 'n fout maak en eerder b as die antwoord wil merk, moet c netjies doodgetrek word en b gemerk word (Sien voorbeeld 2 hieronder.)

Voorbeeld 1:-


4.	a	b	<input checked="" type="checkbox"/>	d
----	---	---	-------------------------------------	---

Voorbeeld 2:-

4.	a	<input checked="" type="checkbox"/>	<input checked="" type="checkbox"/>	d
----	---	-------------------------------------	-------------------------------------	---

Nuttige wenk:- Wanneer jy getalsinne het wat verskillende bewerkings gebruik, pas die reël van **HADVOA** toe, wat die volgorde van bewerkings is:- Eerstens, bereken dit wat tussen **H**akies is, dan **A**nder (vierkantwortels, mag van, ens.), dan **D**eel en **V**ermenigvuldig (van links na regs omdat hulle gelykstaande is), en dan laastens, **O**ptel en **A**ftrek (ook van links na regs).

Skaal van plekwaardes



1. In die getal 4 075, is die syfer 0 in die plek.
 (a) duisende (b) honderde
 (c) tiene (d) ene

2. Hoeveel is 50 tiene en 330?
 (a) 80 (b) 380 (c) 480 (d) 830

3. Wat is die som van 2 741 en 4 010?
 (a) 1 269 (b) 7 651
 (c) 6 751 (d) 6 761

4. Watter van die volgende het die kleinste waarde?
 (a) 52×3 (b) 46×4
 (c) 21×6 (d) 17×11

Het jy geweet?

- 'n **Faktor** is 'n getal wat presies deel in 'n ander telgetal, bv. die faktore van 12 is 1, 12, 2, 6, 3, 4, want hul almal deel presies in 12.
- **Veelvoude** is die antwoorde wat ons kry wanneer daar elke keer met dieselfde getal vermenigvuldig word. Die sesde veelvoud van 5 is 30 ($6 \times 5 = 30$). 5 deel presies in 30, dus is 30 'n veelvoud van 5.
- 'n **Gemene veelvoud** is 'n getal wat 'n veelvoud van albei getalle is, bv. 8 is 'n gemene veelvoud van 2 en 4, want 8 is 'n veelvoud van albei getalle.
- **Deeltal ÷ deler = kwosiënt**, **Som** is die antwoord van 'n optelsom. **Produk** is die antwoord van 'n vermenigvuldiging, **Verskil** is die antwoord van 'n aftreksom.

5. Watter van die volgende gee 'n antwoord van 113 en 'n res van 7?
 (a) $811 \div 9$ (b) $911 \div 8$
 (c) $919 \div 8$ (d) $999 \div 9$

6. Watter een van die volgende pas nie?
 (a) 16, 23, 32, 40
 (b) 24, 27, 30, 33
 (c) 30, 36, 42, 48
 (d) 56, 63, 70, 77

7. Watter getal afgerond tot die naaste 100 gee 3 400?
 (a) 2 935 (b) 3 249
 (c) 3 394 (d) 3 508

8. Watter paar getalle het 32 as hul gemene veelvoud?
 (a) 8 en 16 (b) 6 en 8
 (c) 3 en 16 (d) 4 en 18

9. Watter van die volgende stellings is nie korrek nie?
 (a) 'n Ewe getal kan presies gedeel word deur 2.
 (b) Enige getal wat eindig op 0 is 'n onewe getal.
 (c) 30 kan deur 2 gedeel word, so 30 is 'n ewe getal.
 (d) Onewe getalle gee 'n res as dit deur 2 gedeel word.

